

Hoofstuk van die dag: Psalm 16

> *Ek hou die Here altyd voor oë; omdat Hy aan my regterkant is, sal ek nie struikel nie. (vers 8, 2020-vertaling)*

Waar soek jy skuiling en troos as dinge nie vir jou uitwerk nie? Daar is natuurlik net een antwoord: by die Here God! Dis

ook wat die skrywer van hierdie psalm doen. Hy vlug na God toe, want hy weet God sal hom beskerm (vers 1). Daar is natuurlik mense wat op ander dinge vertrou, soos geld of roem of mag. Die psalmis noem dit afgode, want dit is presies wat dit is: dinge wat die plek van God in ’n mens se lewe kan inneem en jou prioriteite beïnvloed, jou beplanning verander – jou lewe oorneem. Vir dié soort prioriteite moet ’n mens wegvlug, want uiteindelik lei dit tot ellende (vers 3).
Die psalm wys vir ons dat, om die Here se troos en beskerming te beleef, nie vanself gebeur nie. Die digter soek doelbewus skuiling by God. Hy hou Hom gedurig in die oog (vers 8), en hy bely herhaaldelik sy afhanklikheid van God en sy verbondenheid aan Hom. Dit is ook daar, naby die Here, dat hy sy vreugde vind (vers 9 en 11).

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026